

2 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:17a

Permanente inwoning – hoe versterkend!

Paulus bid hierdie innige gebed vanuit die tronk in Rome vir die gelowiges in Efese. Hierdie gebed is egter nie net vir die Efesiërs nie, maar vir die hele kerk, vir elke individuele gelowige.

Paulus bid nie hier vir 'n algemene, omvattende seën nie, maar aangrypend bid hy vir 'n bepaalde, 'n konkrete seën: dat elke gelowige geestelik vol krag van die Heilige Gees sal wees, innerlik sterk en weerbaar. Kragtig in die Here en in sy sterkte. As die Heilige Gees so kragdadig werk, dan kom Christus self deur die geloof in die hart van elke gelowige woon.

Christus wat woon in my hart – vra Paulus nie te veel nie? Nie as ons lees wat Christus self beloof het nie: “As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak” (Joh 14:23).

Die inwoning van Christus in die hart van die mens beteken nie dat Hy slegs, soos 'n kuiergas, 'n vlugtige besoek aan my bring nie. Ook nie dat Hy af en toe, slegs in buitengewone omstandighede, in tye van groot vreugde of van diepe ellende, by my teenwoordig is nie. Ook nie dat Hy net 'n gedeelte van my lewe in beslag neem nie. As Christus in jou hart woon, is dit blywend. Sy inwoning is permanent.

Wie is Hy wat in my hart woon? Hy is Christus, die ewige Seun van God, die tweede persoon in die goddelike Drie-eenheid. Hy het in die volheid van die tyd gekom om ons deur sy lyde en sterwe met God te versoen. Hy het waarlik opgestaan en dit is Hy wat gesê het: “Ek leef en julle sal lewe.”

Hoe troosvol, hoe versterkend is hierdie inwoning van Christus in my hart tog nie daagliks vir my nie. Wat my omstandighede ookal is, ek is nooit alleen nie. Christus self woon deur die geloof in my hart.

Sing: Skrifberyming 24:1 en 7; 91-1:1 en 70

Ds NG Laubscher (Emeritus)